# Nuusbrief
Augustus 2022

CROSSROADS
PRISON MINISTRIES
SOUTH AFRICA

**Die tyd is min!**

1 BLAAS die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want Hy is naby.
*Joël 2:1*

Die werk is baie, die arbeiders min, so ook word die tyd minder om Sy opdrag uit te voer om die evangelie wyd en syd te verkondig!

## ATTERIDGEVILLE IN DIE KOLLIG



Atteridgeville Korrektiewe dienste, Wes van Pretoria, is nie ver van die Voortrekkerhoogte begraafplaas af geleë nie. Hierdie sentrum val ook onder die Kgosi Mampuru bestuurs area in Pretoria. Dit is nie 'n baie groot fasiliteit nie en kan 608 inwoners akkommodeer, maar daar is tans net meer as 800 inwoners. Hier word Gevangenes aangehou wat 'n vonnis van 6 jaar of minder uitdien. Die atmosfeer is glo 'n bietjie matiger en aangenamer as in die groter sentrums vir gewelddadige oortreders.

Daar is 'n groente tuin van ongeveer 15 Hektaar reg langs die fasiliteit. Die gewas wat die meeste verbou word, is kool. Daar is ook 'n boord wat 7 Hektaar dek. Van die gevangenes mag dan bedags in hierdie tuin werk. Volgens berigte produseer die groente tuine nog nie sy volle kapasiteit nie en is meer hulpbronne nodig om dit uit te brei en te onderhou. Blykbaar gaan die boord ook binne kort aandag geniet. Die idee is dan dat daar genoeg voedsel verbou word om aan die tronk se behoeftes te voorsien.



Vaardigheidsontwikkeling, soos die aanleer van sweis of om meubels oor te trek, skiet ook ongelukkig tekort by die sentrum. Tydens 'n onlangse besoek van die adjunk minister, Thabang Makwetla aan hierdie fasiliteit, het hy dit betreurenswaardig gevind en aanbeveel dat daar gekyk moet word hoe om hierdie sentrum se vaardigheidsontwikkeling program weer nuwe lewe te gee deur genoegsame hulpbronne beskikbaar te stel.



Daar is tans byna 90 Crossroads studente in Atteridgeville en ons ontvang nog gereeld nuwe inskrywings. Arie van der Kruk besoek die tronk weekliks op Woensdae.

## DIREKTEURSLEDE:

CSDA, die nie-winsgewende organisasie wat die Crossroads Prison Ministires (CPM) program bestuur, is opsoek na twee nuwe direkteure. Indien u oor die vermoë beskik en graag u talent beskikbaar wil stel in die diens van die uitbreiding van God se koninkryk, dan hoor ons graag van u. Besonderhede oor wat die werk behels, hoeveel tyd dit in beslag neem en ander vrae kan u rig aan die huidige direkteure;
Chris van Renssen (chris@dredging-africa.co.za)
Eddie Boersema (director@cpministries-sa.org.za) en
Gerben Boersema (gerben@dredging-africa.co.za)
By voorbaat dankie vir u oorweging van hierdie saak. Onthou, dit is ewigheidswerk!

## MENTOR TIPS:

Daar kom gereeld versoeke van studente vir allerlei goedere soos nota boekies, skryfbehoeftes, geheue stokkies, sticky notes, leesbrille en so meer. As u graag wil, mag sekere items aan die student gestuur word, maar indien u onseker is, kontak maar eers die kantoor om seker te maak. Ons herhinner julle net aan van die volgende items wat absoluut nie toegelaat word nie:
Notaboekies met 'n ysterspiraal aan, potlood skerpakers of enige-iets wat gevaarlik kan wees. Gee liewer die doodgewone A5 boekie wat mens by Checkers kry. Geheue stokkies word slegs by sekere fasiliteite toegelaat en die student moet vooraf 'n spesiale versoek daarvoor indien. Bring ook gerus hierdie versoeke in die mentor log aan sodat ons daarvan notisie kan neem.

Dankie vir elkeen se harde werk en bydrae! Ons waardeer julle!

*Die Crossroads Span*

## *Wil u dalk 'n bydrae maak?*

Ons het gereeld skryfbehoeftes, papier, Bybels en so meer nodig. Indien u enige iets aan ons wil skenk, kan u ons gerus kontak en reelings tref. U kan ook 'n finansiële bydrae maak om sodoende te help om van die kostes te dra. Gebruik die snapscan ikoon hiervoor, alternatiewelik verskyn ons bankbesonderhede ook hierby. Ons bedank ook graag almal wat reeds 'n bydrae aan CPM maak!

Bank details vir CPM: FNB Cheque rek 62819516066 Tak: 250655